Speech: Rita Andreas, Chairman: Adama Workers Trust

Adama Appollo land reform launch

Goeie naand, ek is Rita Andreas, personeelbestuurder by Bosman Boerdery, nou voorsitter van die Adama Appollo Werkers Trust en vannaand ook julle gasvrou.

Dit is vir my 'n besonderse eer en voorreg om vannaand vir u almal hartlik welkom te heet by hierdie mooi geleentheid. U is almal vannaand baie spesiaal en dit is waarom dit vir my so 'n groot voorreg is om vir u welkom en tuis te laat voel.

Almal van u wat vannaand hier teenwoordig is, was op een of ander manier betrokke by hierdie groot gebeurtenis in my en my kollegas se lewe. Ek wil dan nou van hierdie geleentheid gebruik maak om aan u so klein agtergrond te gee oor alles wat aanleiding gegee het tot bemagtiging en wat dit vir my en almal van ons beteken.

Petrus sal spesifieke bedankings doen.

Ek gaan nou maar van myself praat, want as ek van ander gaan praat kan ek dalk die belangrikste uitlos. Ek is gebore op Lelienfontein in 1965. Ek is een van die vierde geslagte op die plaas. Vir elke Bosman op die plaas, was daar 'n Adam Appollis. Baie gewilde families op die plaas oor die jare heen en vandag nog is die Appollisse, Azers en Arnoldusse. Ek het by my ouma en oupa groot geword.

My ouma se ouers, maw my oupagrooitjie het ook op die plaas gewoon. As kinders was ons baie bevoorreg om op 'nie net 'n plaas nie' maar op hierdie plaas te kan bly. Oubaas Jan en ou missies Anna Bosman was my rol model. As ek nou praat van oubaas, het dit nou niks met politiek of apartheid te doen nie. Dis net my respek wat ek vir hulle gehad het, ek onthou die dae toe ons elke Sondag oggende sondagskool onder die boom gekry het. Saans het ek my ouma gaan help met aand werk.

Elke aand moet ek eers luister na hoe ou missies Anna klavier speel. Daar het my liefde vir musiek begin. Sy was die een wat my aangemoedig het om musiek lesse te neem.So is daar baie staaltjies wat ek kan vertel.

Soos u nou self kan aflei, het opheffing en bemagtiging al baie jare voor demokrasie plaasgevind. Ons was 'n hele paar kinders wat al daardie tyd die leentheid gekry het om te studeer.

As gevolg van goeie Bosman ouma's en oupa's , het Die Here ons nou kom seën met hierdie Goeie Bosmans wat ons nou vandag het. In 2002 het ons begin met ons plaas projekte . Die kinders sowel as sekuriteit het opleiding in swem ontvang. Ons eie karate klub het ontwikkel, asook ballroom klasse vir volwassenes, die vroue klub, jeug byeenkomste en daar is nog vele meer. Alles met die ondersteuning van Jannie en later ook Petrus.

Jannie Bosman en sy seun Petrus het gesien dat die projekte wat ons doen suksesvol is en daarvan getuig ons sertifikate. Jannie Bosman het lankal nog voor die regering besluit het oor swart Ekonomiese bemagtiging, al geweet dat hy sy mense gaan bemagtig. Dit was sy woorde wat hy altyd gebruik het, “Die Here sal die regte plaas of grond op die regte tyd gee”.

Grondsake se bydrae…

Ons plaas kommitee betaan al vir 13 jaar. Meeste van die plaas eienaars glo mos nie aan ‘n kommitee nie, want hulle is bang dat die plaas mense te slim gaan word. Maar hierdie Bosmans

het nie vir een oomblik gehuiwer om 'n kommitee te stig nie. Vandag kan ons die vrugte van 'n gesonde, gebalanseerde besigheid pluk.

In Maart 2007 het Jannie en sy seun Petrus 'n vergadering met die kommitee belê om hul droom met die kommitee te deel. Die gedagte was dat hulle graag van al die plase sekere hoeveelheid aandele wil verkoop. Die kommitee het met die werkers gaan praat en bietjie hulle gevoel ook getoets. Ek kan onthou hoe een van die manne uitroep en sê "manne wat wil julle beter hê as dit?. Lets go for it". Daar het die kommitee toe besluit dat ons wil voortgaan met die projek. Al die prosesse wat ons moes deurmaak is voltooi en dit bring ons waar ons vannaand is.

Drome wat baie van ons nie eers oor gedroom het nie, het nou kom waar geword. Nooit het ek kon dink dat ek eendag 'n aandeelhouer en nogal 'n direkteur ook kan wees nie.

Hierdie vennootskap beteken baie vir ons. Daar is hope vol geleenthede vir almal van ons. Ons het so baie om voor dankbaar te wees. Die God wat ons dien, was en is so goed vir ons, en daarom kan ons Hom nie genoeg prys en dank nie.

Om suksesvol te kan wees, gaan van elke individu afhang om te besluit wat hy/sy hiervan gaan maak.

Ons sien uit na groot uitdagings en geleenthede en sal dit met alless vermoë aangryp.

Omdat ons bekwame mense soos die Bosmans het, sal ons al ons tekort komminge baie vinnig besef, en weet dat hulle ons sal help.

Ek wil in besonders baie dankie sê aan Jannie, Twinkle, Petrus, Carla, Pieter Daniël, Jannie Jnr en Tonia vir hierdie groot stap wat julle bereid is om saam met ons te stap. Ons glo dat julle nie net die boere in Wellington nie, maar in die hele Suid- Afrika se oë oop gemaak het. Wees verseker van ons opregte dank.

Aan almal van u wat vanaand hier is, op watter manier u ook al 'n bydrae gelewer het, wil ons u verseker van ons opregte dank en waardering. Baie dankie dat u bereid was om die aand met ons te deel.

Petrus Bosman is by almal van ons nou al wel bekend, so hy het eintlik geen beskendstelling nodig nie, maar ek wil graag vir hom geleentheid gee om namens die Bosmans te sê wat die vennootskap vir hulle beteken.

Net daarna sal Klaas Morkel die voorsitter van ons werkerskommitee die gebed doen.

Geniet die aand en kuier sommer lekker saam tot u voel u het genoeg gekuier.

Baie dankie